Voor die Uniekonferensie sitting verdaag het, was die komitee se verslag anageneem en 'n spesiale afvaardiging aangestel om die lede van die twee konferensies te verteenwoordig en die voorstel te oorweeg. Hulle het vir die amalgameer gestem en die naam Suid-Afrikaanse Konferensie daaraan gegee. Gestem was dat die konferensie-kantore en boek-depôts in Johannesburg en Port-Elizabeth verplaas word na 'n sentrale kantoor in Bloemfontein. Offisiere en komitee was gekies vir die onverloper tyd van die tweejaar, en 'n begroting aangeneem vir die amalgameerde konferensie vanaf 1 Junie 1933.

Met die verandering was die departement vir die bruinmense georganiseer as 'n aparte veld. Dit toon 'n verskil in ons vergelykende rapport.

Geldelik was die verandering 'n voordeel. Die konferensie kon vier ander werkers aanneem, die helfte salaris en onkoste van vier unie departementele werkers betaal, en boënop nog £400 aan die unie skenk behalwe die tiende van die tiende en sustentasie. Die saamvoeging van die twee depôts het die Religious Book Depository geldelik gehelp, sodat dit vir die eerstekeer op eie voete staan.

Die beweging van die konferensies was moontlik 'n weinig vertraag terwyl die bote as 't ware saamgesmee was. Ons het egter probeer dat die amalgameer so min moontlik steuring en ongerief vir die veld sou bring, en ons waardeer die verdraagsaamheid van ons lede gedurende die skommeltyd, verplasing van kantore, en verandering van ons planne vir die behoeftes van 'n vergrote veld.

Volgens uitgestrektheid het ons moontlik die grootste konferensie in die wêreld.

Saam met die mandaatgebied beslaan dit 851,957 vierkante myle.

### Evangelisasie

Dit verheug ons om mee te deel dat evangelisasie pragtig vorder in ons gebied. U sal belangstel in 'n korte oorsig oor die evangeliewerk in die tweejaar. Albei konferensies het sover die meeste siele in 1932 gedoop. Die Natal-Transvaal-Konferensie het 250 gedoop en die Kaap-Konferensie 222, 'n totaal van 472. Die hoogste syfer vanaf 1925 was toe die Natal-Transvaal-Konferensie 192 in 1930 gedoop het en die Kaap-Konferensie 134 in dieselfde jaar.

In 1933 tot Juniemaand was daar drie pogings in die Natal-Transvaal-Konferensie gehou: in Boksburg-Noord, Bloemfontein, en Bethlehem; en 2 in die Kaap: Queens-town en Wynberg. Na die amalgameer, en dit sluit die departement vir bruinmense uit, was daar vyf evangelie-pogings in die Suid-Afrikaanse-Konferensie gehou gedurende die laaste halfjaar van 1933: Bethlehem, Bloemfontein, en Germiston, in Afrikaans; Johannesburg en Uitenhage, in Engels. U sal sien dat drie uit die vyf pogings in Afrikaans was. Behalwe die gereelde evangelie-pogings, was daar ook twee pogings deur leke gehou: dus 'n totaal van 23 publieke pogings in die tweejaar, behalwe die Sondagaand-dienste in die kerke. In die tydperk is 745 siele gedoop, 'n wins van 212 vir die twee konferensies oor die vorige tweejaar, en dit as ons nie rekening hou met die Departement vir Bruinmense van die gewese Kaap-Konferensie vanaf die middel van 1933.

'n Spesiale Evangeliefonds was in die N.-T.-Konferensie deur gewese president Ouderling W. L. Hyatt persoonlik aangemoedig, en dit het in 1932 £301-11-8 direk vir die evangeliewerk verskaf. Die nuwe konferensie volg die plan, en hoewel dit nie net so persoonlik in die groot veld aangemoedig kan word nie, vertrou ons die konferensie besef om die saak getrou te ondersteun. As elke lid in die konferensie net 'n sjieling elke maand na die fonds gee, sal daar £1,400 jaarliks inkom vir 'n kragtige evangelie-veldtog.

### Karavane

Ons het al gemeld van die vele kleiner stede en dorpe en uitgebreide platteland waar ons nog niks gedoen het nie, behalwe deur ons kolporteurs. Albei konferensies het af en toe die vraagstuk oorweeg. Tydens die Suid-Afrikaanse Konferensie komitee se byeenkoms verlede Desember, het die offisiere die voorstel oorweeg om deur die moterkaravaan aan die groot behoefte te voorsien. Voor die vergaderings het die offisiere voorlopige ondersoek ingestel, en sekere werkers en leke was baie belangstel-

lend en samewerkend. Om dit te onderneem het een van ons lede £150 gegee. Nog £60 het van elders daarvoor ingekom.

Die komitee het dit oorweeg en al die lede het eenparig gevoel dat die voorstel op die proef behoort gestel te word. Die voorstel was aangeneem en die karavaan-beleid opgetrek. Twee karavane is aan gang: Ouderling en Suster S. G. Hiten het in Ceres in die Boland begin; Ouderling en Suster P. A. Venter langs die Mooirivier, Suidelike Transvaal. Ons het 'n ander karavaan wat net na die kamp uitgaan.

Die werking van die karavaan is as volg: 'n werker en eggenote gaan uit in die bestemde distrik en woon in hul huis op wiele. Kom hulle op 'n dorp, of plase naby mekaar, dan probeer hulle die skoolgebou kry of die eetkamer van 'n gasvrye persoon, of anders somar 'n kaal erf vir buite-lug dienste. In die laaste geval word die karavaan se kant gebruik om 'n skorm te hang vir towerlantern-prente of kaarte. By die uitrusting kom ook 'n draagbare orreltjie. Op die geskikte plek word dan 'n poging gehou wat duur solank as daar 'n belangstelling is. Na die poging gaan die karavaan na die volgende dorpie of gehug en kom af en toe terug om die vorige geselskap te besoek. Behalwe die preke, Bybelstudies en traktate versprei, word ook intekenaars vir ons tydskrifte verwerf.

Ons glo dis 'n uitstekende plan, en as ons nog meer karavane in elke provinsie uitstuur, sal vele siele uit die onbetrede gebiede jaarliks kan gedoop word.

#### Nuwe en Oue Gemeentes

Drie nuwe gemeentes is in die tweejaar gestig; en deur stemming van die konferensie onder die susterskap van gemeentes ingesluit. Die nuwe gemeentes is Brakpan en Boksburg-Noord op die Rand, en Vredendal in die Boland. Opmerklik is dat die drie nuwe gemeentes deur Afrikaanse werkers deur preek in Afrikaans gestig is.

Saam met die drie nuwe gemeentes en behalwe die nege gemeentes vir bruinmense wat deur die reorganisasie aan 'n ander veld toevertrou is, het ons nou saam met die konferensie gemeente vyf-en-dertig gemeentes.

Een nuwe kerk is in die tweejaar gebou. Die gebou staan in Oos-Londen en is een van ons beste kerke in die konferensie. Die gemeente van Oos-Londen, en die konferensie is die Algemene Konferensie Kerk Uitbreidingsplan baie dankbaar vir die gebou.

#### Die Afrikaanse Werk

Ons het gesien dat die drie nuwe gemeentes wat in die konferensie gekom het, Afrikaanse gemeentes is. 'n Paar jaar gelede het ons gedink dat jy neerlaag soek as jy 'n poging in Afrikaans hou, maar vandag sien ons duidelik 'n ontwaking onder die Afrikaanssprekendes, en duisende verlang om die Boodschap in hul moedertaal te hoor. Daar is geen twyfel nie dat ons van nou af baie meer siele uit die Afrikaanse gedeeltes van die veld sal sien uitstaan. Die karavane sal vernaamlik on-

der Afrikaanssprekendes arbei. Verskillende plekke versoek ons om daar Afrikaanse pogings te hou.

Ons brei ons Afrikaanse leestof so vinnig uit as moontlik. Die Sentinel Publishing Company het 'n Afrikaanse boek oor die huidige wêreldtoestande byna drukgereed. Die Suid-Afrikaanse Konferensie laat een van die werkers versamelde gedeeltes van die "Testimonies" vertaal. Nog 'n werkster is besig om 'n oorspronklike Afrikaanse boek te skrywe oor die leer van die Bybel. Ons hoop dat die manuskripte binnekorte gereed sal wees om aan die Sentinel Uitgewerskomitee oorhandig te word.

Met ons reis deur die veld, het ons die bepaalde behoefte aan 'n Afrikaanse liederebundel gevoel. Gesangboeke van allerhande genootskappe word gebruik, behalwe 'n baie beperkte aantal van 'n nie geheel bevredigende vertaling nie van gedeeltes van "Christ in Song." Die behoefte aan 'n nuwe en praktiese gesangboek in Afrikaans is ernstig deur Konferensie offisiere, Sentinel Raad en Konferensie komitee oorweeg. Na die ondersoek deur die bestuurder van die Sentinel Publishing Company, en 'n sorgvuldige oorweging van ons komitee, was daar gestem dat ons 'n gesangboek opstel wat sowat 400 liedere bevat, wat grotendeels uit "Christ in Song" geneem si. Voorgestel was dat die liedere in albei tale gedruk word,—die Engelse op die een bladsy en die Afrikaans op die bladsy neffens aan, en soos die goedkoopst e sal wees om die een of ander taal begelei met die musiek te kry.

Daar is reeds begin met die vertaalwerk, en met die sitting van die konferensie hoop ons sal 'n komitee aangestel word om die meer of min afsonderlike pogings saam te bring en om definitief te beraam om so spoedig moontlik die veel gewenste werk vir ons evangelie en kerkdienste te hê.

Ongelukkig is daar een kant van ons Afrikaanse lektuur wat effe teleurstellend is: Ek bedoel die sirkulasie van die *Tekens van die Tye*. Verskeie Afrikaanse werkers en leke het ons gesoebat om die *Signs of the Times* in Afrikaans uit te gee. Toe ons dit besluit het, moes ons die waarborg van 5,000 eksemplare per maand aan die Sentinel verseker. Ons het gemeen dat as die konferensie die blad vir twee of drie jaar subsidieer totdat ons werkers en leke tyd genoeg gehad het om genoeg intekenaars te verwerf het dat die blad dan saam met die *Signs of the Times* op eie voete kan staan.

Tot ons leed moet ons na drie jaar proef meedeel dat dit gladnie die punt bereik het nie. Die konferensie offisiere wens by die afgevaardigdes aan te dring om die toekoms van die blad te oorweeg. Ons meen daar is 'n behoefte aan so'n blad, en ons moes nou al genoeg intekenaars gehad het, maar in werklikheid skyn dit of daar nie 'n groot behoefte daarvoor bestaan nie, of anders het die blad nie aan die behoeftes voorsien nie.

Die uitgewersaak en die konferensie is begerig om aan die behoeftes van die Afri-

kaanssprekendes te voorsien, daarom wil ons ernstig die volle saamwerking van werkers en leke in ons onderneming versoek. Ons wens egter aan u voor te hou dat die beste saamwerking en aanmoediging om die blad langer te druk is dat ons Afrikaanse werkers en leke geesdriftig gebruik maak van wat ons reeds het.



## Uittreksels van die Tesourier se Rapport

P. W. WILLMORE

VEERTIG jaar is lank. En dit was die ouderdom van die Kaap Konferensie in 1932. Dit was in 1892 georganiseer, en het vele en verskillende ondervindings deurmaak, en is nou die cuer-helfte van die huidige Suid-Afrikaanse Konferensie, en ons is waarlik bly dat, met die seën van die Here en deur die verstandige en sorgvuldige bestuur van die opvolgende presidente en komitees, die moeder konferensie in staat was om op 31 Mei, 1933 mooi en sterk af te sluit.

Moontlik het die Kaap Konferensie nie soveel tiende-inkomste as haar jonger suster kon inbring nie, maar tog het sy gedurig gereeld 'n goeie stroom sendingofferandes en ander juiste fondse gelewer wat die sendingskatkis veel gehelp het.

Gedurende 1932 het die konferensie £3,526 as sendingofferandes van die departement vir blankes gelewer. As ons dit vergelyk met die tiende wat £4,404 was, vind ons dat die sendingofferande 80% van die tiene was.

### KAAPSE KONFERENSIE VAN S.D.A. Algemene Sending en Spesifieke Fondse vir Jaar 1932

#### Algemene Sendingfondse

(2/6 per week per lid)

Sabbatskool Offerande	£1652	3	0
Buitelandse Sending	19	0	9
Jaarofferande	138	0	0
Oesinsameling	1730	8	10
Grootweek	151	2	9
Opofferingsweek	233	9	2
Red Ons Sending	78	17	5

Totaal £4003 1 11

#### Spesifieke Fondse

Helderberg (Kampvergadering)	£121	6	9
Goede Hoop Sk. (Kampvergad.)	8	9	1
Brits en Buite. Bybelgenootsk.	16	7	
Stud. Leningfonds (Helderberg)	2	6	11

Totaal £132 19 4

Groot Totaal £4136 1 3

### Algemene Sending en Spesifieke Fondse vir 5 Maande, geëindig 5 Junie, 1933

#### Algemene Sendingfondse

(2/6 per week per lid)

Sabbatskool Offerandes	£519	10	4
Buitelandse Sending Offerande	2	0	11
Jarofferandes	5	6	9
Oesinsameling	6	9	5



Kampvergadering	16 19 9
Red Ons Sending	2 2 9
Grootweek	44 19 11
Opofferingsweek	151 8 6
<b>Totaal</b>	<b>£748 18 4</b>

**Spesifieke Fondse**

Nil.

(Hierdie rapport sluit in die sending-fonds van die Gekleurde Departement.)

Die Natal-Transvaal Konferensie, wat saam met die Kaap Konferensie aan die einde van Mei, 1933, geamalgameer was, was tien jaar jonger dan haar ouer suster en het die ouderdom van 30 jaar bereik. Die konferensie was in 1902 georganiseer. Die konferensie het aan die Suid-Afrikaanse Konferensie, die provinsies van Natal, Transvaal en die Oranje Vrystaat gebring, sowel as die Europese seksie in 'n groot deel van Portugees Oos Afrika en die hele Swaziland.

Die tiende inkomste van die Natal-Transvaal Konferensie vir die sluitingsmaand van Mei, 1933, is miskien 'n rekord vir enige een maand in enige plaaslike konferensie in ons unie, die bedrag bestaande byna £1,600. Alhoewel die onkoste buitengewoon swaar was vir die eerste paar maande van die jaar, weens die uitstekende tiende, was die konferensie in staat om sy rekords te sluit met 'n goeie surplus.

**NATAL-TVL. KONF. VAN S. D. A.**

**Algemene Sending en Spesifieke Fondse**  
Ontvangste vir 1932

**Algemene Sendingfondse**

Sabbatskool Offerande	£1380 6 1
Jaarofferande	106 16 9
Oesinsameling	1578 6 7
Opofferingsweek	108 5 1
Grootweek	49 8 9
Buitelandse Sending	7 9
Kampvergadering Beloftes	45 11 0
Red Ons Sending	55 6 10

**Totaal** £3324 8 10

**Spesifieke Fondse**

Gif, Bybel vir Sjiena	£5 0 0
Studente Lening	5 0
Helderberg Nywerhede	72 11 9

**Totaal** £77 16 9

**Groot Totaal** £3402 5 7

**NATAL-TVL. KONF. VAN S. D. A.**

**Algemene Sending en Spesifieke Fondse**  
Ontvang. vir 5 Maande tot 5 Junie, 1933

**Algemene Sendingfondse**

Sabbatskool Offerande	£553 13 2
Jaarofferande	1 9 6
Oesinsameling	11 8 9
Opofferingsweek	100 2 0
Grootweek	15 12 9
Kampvergadering-offerandes	14 0 7
Red Ons Sending	16 0
Sendingvrywilliger	18 6

**Totaal** £698 1 3

**Spesifieke Fondse**

Gifte vir Bybels in Sjiena	£5 5 0
Helderberg Nywerhede	5 0

**Totaal** £5 10 0

**Groot Totaal** £703 11 3

**SUID-AFRIKAANSE KONFERENSIE**

**Ontvangste vir 7 Maande Eindigde**

**Algemene Sending en Spesifieke Fondse**  
5 Januarie, 1934

**Algemene Sendingfondse**

Sabbatskool Offerande	£1723 7 1
Jaarliks	146 2 10
Oesinsameling	3428 4 1
Grootweek	45 14 9
Opofferingsweek	9 1 3
Sendingvrywilliger	4 2
Red Ons Sending	7 0
Kampvergadering Offerande	111 11 8

**Totaal** £5464 12 10

**Spesifieke Fondse**

Russiese Ondersteuning	£2 14 0
Gifte vir Onderwys in Congo	10 0
Gifte vir Bybels in Sjiena	5 5 0
Studente Lening	10 16 8

**Totaal** £19 5 8

**Groot Totaal** £5483 18 6

**Vergelykende Doop**

1930	267
1931	188
1932	371
1933	270

Gedurende die laaste paar jaar het die aantal mense wat gedoop was op 'n uitstekende wyse vermeerder. Die tweejaar tydperk onder hersiening wys 'n vermeerdering in siele van 186 meer dan die vorige tweejaar tydperk van 1930-1931.

**Vergelykende Ledetal**

1930	1946
1931	2049
1932	2261
1933	2361

Aan die einde van 1930 was die totaal ledetal van die gekombineerde konferensies 1,946. Ons vind dat aan die einde van 1933 was die ledetal van die Suid-Afrikaanse Konferensie 2,361, of 'n vermeerdering van 415 lede vir die drie jaar. Vir die twee jaar 1932-1933 was die netto vermeerdering 312. Die syfers wys die ledetal aan die einde van elke jaar.

**Tiende Ontvangste**

1930	£12,143
1931	£11,141
1932	£10,693
1933	£11,461

Die Here het die finansies van die geamalgamiseerde veld op 'n wonderlike wyse gesien. Van 1930 tot die einde van 1932 was daar 'n vermindering van tiende inkomste, as 'n gevolg van die vreeslike de-

pressie wat in ons land geheers het netsoos oor die res van die wêreld. Ons glo dat daar 'n groter verlies sou gewees het, was dit nie vir die getrouheid van die grootste gedeelte van ons lede nie.

Die gemiddelde tiende inkomste per maand oor die twaalf maande van 1933 was £955, terwyl die gemiddelde tiende vir die sewe maande na die amalgamasie £995 per maand was.

**Algemene Sendingfondse**

1930	£8439
1931	£7872
1932	£7327
1933	£7005

Die jaar 1930 het die grootste inkomste van sendingofferande gelewer. Van toe af was daar elke jaar 'n klein vermindering soos aangewys word deur dieboostaande syfers.

Die tweejaar 1930-1931 het £16,311 sendingofferande ingebring, terwyl die tweejaar tydperk onder hersiening 'n inkomste van £14,332 wys.

**Oesinsameling**

1930	£4032
1931	£3935
1932	£3308
1933	£3446

Oor die laaste twee jaar was daar 'n klein vermindering vergelykende met die vorige tweejaar tydperk. Maar ons gaan egter opwaarts, soos aangewys deur die bostaande syfers, en onder die teenwoordige leiding van die Buurtsending Departement het 1933 'n merkbare vermeerdering oor 1932 ondervind, en ons kyk vooruit na 'n terugkeer na die goeie syfers van voorspoedige tye.

**Groot Week**

1930	£267
1931	£115
1932	£200
1933	£110

Die week is netso lank as wat dit altyd was. Daar is net soveel ure in elke dag. Ons ledetal vermeerder stadigaan. En tog, wys die persentasies met betrekking tot "Grootweek" 'n vermindering van oprings.

**Laste en Bate**

Ons totale lopende laste bedra £934. Ons lopende bate wat byna almal verkrygbaar is na kort kennisgewing, oortref ons lopende laste met £2,948.

**Kapitaal, Surplus en Reserwe**

Ons totale kapitaal, surplus en reserwe bedra £3,835. Die bedrag kan verdeel word as volg:

1. Beleg in kantoormeubels, tente, stoele, gesangboeke, ens., £887-13-10.
  2. Bygedra deur ons lede vir spesiale doeleindes, gedurende die loop van die jaar, £966-15-5.
  3. Gewone bedryfkapitaal, £1980-17-4.
- Altesame gee dit 'n totaal van £3,825-6-7.

**Pogings**

Die uitgawe sluit nie die kollekte in, wat die evangelis ontvang het van die publiek

gedurende sy dienste nie, maar die werklike koste wat die konferensie moes betaal.

Kensington (Engels)	£50 0 0
Germiston (Afrikaans)	25 0 0
Bethlehem, No. 2 (Afrikaans)	16 9 9
Boksburg Noord (Afrikaans)	10 0 0
Bloemfontein, No. 2 (Afrikaans)	35 18 8
Uitenhage (Engels)	67 9 11
Allerhande Evang. (Eng. en Afr.)	1 15 5

Totaal spandeer £206 13 9

Voorsorg was gemaak vir die pogings as volg:

Spesiale Fonds vir Bethlehem	£14 14 4
Van Evan. Belofte Fonds	82 9 3
Van Evan. Pogingsfonds	76 16 10
Van Gewone Bedryfonkoste	32 13 4

Totaal voorsien £206 13 9

Om eerlik te wees teenoor die Uitenhage poging, wat 'n swaar toets was van die geloof en moed van enige evangelis, moet ons merk dat £9-18-11 terugbetaal was aan die konferensie nadat die bedrag van £67 afgesluit was. Die terugbetaling het die werklike koste van die poging vermindert tot £57, wat net 'n klein bietjie meer is as wat die konferensie opsy gesit het vir die dorp.

## Twejarige Rapport van die Sabbatskool Departement

Die volgende vergelykende opsomming sal die staat van die Sabbatskole in die konferensie oor die laaste tweejaar duidelik weergee:

	1930-1931	1932-1933.....	WINS	VERLIES
Gemiddelde aantal S. Skole .....	52	57	10%	
Gemiddelde Ledetal .....	1961	2254	15%	
Gemiddelde Getal Aanwesig .....	1766	1997	13%	
Eerekaartjies .....	4396	5956	35%	
Boekleërs .....	585	713	22%	
Gedoopt .....	314	178		44%
Verjaarsdag Off. ....	£191 5 0	254 12 7	34%	
"Investment" Fonds .....	£445 3 11	£278 13 9		37%
13de Sab. Offerandes .....	1,200 14 7	£1080 1 11		10%
12 Sab. Offerandes .....	3,851 7 7	£3849 19 4		.03%
Totaal .....	£5,688 11 1	£5464 7 7		4%

### Persentasie van Offerandes

	1930-1931	1932-1933
Doel	£7,442	£8,151
Ontvang	£5,688	£5,464
Persent	77%	67%

Ons verheug ons oor die vooruitgang onder verskillende van die hoofde, so behoort dit ook te wees. Dit is met leedwese dat ons die verlies in offerandes verneem, wat ongetwyfeld veroorsaak is deur die depressie. Ons is dankbaar dat ons die keerpunt bereik het, en dat daar oor die laaste vier maande verbetering gekom het, so dat ons verlies oor die laaste tweejarige tydperk slegs 4% is.

### Onderwysersvergaderings

Onderwysersvergaderings word bereken om die Sabbatskool doeltreffend en "die

moeite werd te maak." Dis te betreure dat daar maar net vyftien Sabbatskole sulke vergaderings hou, nogtans is ons bly dat dit 'n vermeerdering van 25% aantoon oor die vorige tweejarige tydperk.

### Graderingsplan

Teneinde ons Sabbatskool beamptes op hoogte te hou van die stand van hul skole, was die graderingsplan in die lewe geroep, en toegepas gedurende verstreke tweejarige tydperk. Die verskillende grade is A, B, C, en D. Om 'n graad "A" skool te wees moet die persensie lys gemiddeld 85% beloop. 65% moet op die perfekte studie lys wees, en 75% van die finansiële doel moet behaal word. 'n "B" graad is 'n skool wat twee van voorgenoemde mikpunte bereik het. 'n "C" graad stel voor 'n skool wat een van die mikpunte bereik het, terwyl "D" 'n skool aandui wat geen een van die mikpunte bereik het nie. By die einde van 1933, het ons vier A's, ses-teen B's, vier-en-twintig C's, en twaalf D's gehad.

### Die "Flag" Plan

'n Vlaggie word toe geken aan 'n skool wat gedurende die kwartaal die som van 1/3 per week per kerklid bereik het, en 4/- per lid op die dertiende Sabbat; dit word die volgende kwartaal aan die betrokke Sabbatskool uitgereik. Die gemiddelde aantal skole wat die vlaggie verwerf het oor die laaste vier jaar is as volg:

1930 .....	7
1931 .....	8
1932 .....	7
1933 .....	7

Kleurlinge, ons nege kerke met 'n ledetal van 394, verloor het nie. Derhalwe stel dit die vergelyking met die vorige tweejarige tydperk in 'n ongunstige lig.

### Lede wat Gerapporteer het

Gedurende die jare 1930-1931, het daar gemiddeld 549 van ons lede rapport ingedien aangaande hul sendingbedrywighede. Gedurende 1932-1933, het gemiddeld 1062 gerapporteer, 'n vermeerdering van 94%.

### Oesinsameling

Ons lede het altyd groot belang gestel in hierdie jaarlikse insameling vir die sending. Weëns die depressie het die toevloei van fondse uit hierdie bron, die laaste paar jaar baie afgeneem. Ons is bly om te kan meedeel dat die insameling gedurende 1933, die van 1932 met £136 cortref het, afgesien dat die tydperk van die veldtog van tien tot ses weke verkort was. As die Kleurling-kerke nie van die konferensie afgeskei was nie, dan sou die wins op 1932, £314 beloop het.

Totaal ingesamel gedurende 1932-1933, £6,754.

### "Big Week"

Ongelukkig het die "Big Week" veldtog nie dieselfde ondersteuning geniet as die ander veldtogte nie, gevolglik moet ons 'n verlies van £72 op die vorige tweejarige tydperk rapporteer.

Totaal geld ontvang oor tweejarige tydperk (1932-1933), £310.

### Signs Veldtog

Ons goeie sendingblad voorsien in die behoefte van baie gesinne in Suid Afrika. Ons glo dat die sirkulasie tenminste verdubbel moet word. Elke jaar is daar 'n veldtog vir die verwing van intekenaars, met die volgende resultate:

Intekenaars (1930-1931) .....	2298
Intekenaars (1932-1933) .....	3288

Vermeerdering 990

### Kerk Klubs

Tot aan die einde van 1933 het die kerkklubs 4,005 eksemplare van die *Signs* elke maand geneem. Ons is jammer dat party van ons kerke baie klein klubs het, terwyl 'n paar glad niks het nie.

### Die Tekens

Die sirkulasie van die *Tekens* is 'n saak wat vir ons baie besorgdheid veroorsaak. Die Sentinel Publishing Company kan dit nie bekostig om minder dan 5,000 per maand te druk nie. Hiervan gaan 1,261 per pos na intekenaars, 1,642 word geneem deur die kerkklubs, terwyl die res van oor die 2,000 maandeliks deur die konferensie betaal en uitgestuur word, party tot ons werkers, en die orige na verskillende adrese in die veld. Dit is 'n sware las wat die konferensie moet dra, en dit behoort na regte deur die kerk gedoen te word.

Dit is betreurenswaardig dat die kerke wat grotendeels Afrikaans-sprekend is, nie die *Tekens* beter ondersteun nie.

## Buurtsending Rapport

Dit is met genoë dat ons u 'n rapport kan voorlê, wat 'n gesonde groei aantoon in die werksaamhede van ons getroue gemeentelede in hul werk vir die Here.

Ons rapport sou lywiger gewees het, was dit nie vir die feit dat weëns die daarstelling van 'n aparte arbeidsveld onder die

### Evangelasie Deur Leke

Ons prys God vir die evangelistiese gees wat sommige van die broeders beetgepak het. Oor die tweejarige periode 1930-1931, was daar vier-en-sewentig siele gewin as gevolg van die pogings deur leke. Oor die periode 1932-1933, rapporteer ons honderd-vyf-en-twintig siele, 'n wins van een-en-vyftig. Ons het vir die leke, gedurende 1934, tot doel gestel 'n honderd siele. Ten einde die broeders by te staan in hul pogings, het ons 'n aantal preke oor die leerstellingen van die Bybel, saamgestel, en byna 'n honderd eksemplare was uitgegee. As ons Leraars en Evangeliste ons leke op 'n simpatiese en doelmatige wyse sou bystaan en aanmoedig, glo ons dat baie van hulle egte sielewinnings sal word. Ons beroep ons op ons konferensiewerkers om die las te aanvar, en die taak op hulle te neem, om geskikte manne en vroue toe te rus vir die bediening van die Woord.

### Algemene Werksaamhede

Die volgende is die rekord van huis-sending werk wat gerapporteer was:

	1930-1931	1932-1933	Vermeer.
Getal Bybellesinge gehou .....	13,180	22,468	70%
Getal besoeke afgele .....	43,312	55,426	28%
Getal Persone na S. Skl. of dienste geneem	4,876	10,859	123%
Getal persone aan wie nodige hulp verkaf is		*128,320	
Behandeling van siekes .....	9,814	19,220	96%
Getal kledingstukke weggegee .....	16,949	27,585	63%
Getal boeke, tydskrifte, en traktate uitgegee	278,174 <sup>1</sup>	321,761	10%
Getal sendingbriewe geskrywe .....	11,219	15,930	42%

\*Weëns 'n verandering in die manier van rapporteer, kan ons in hierdie verband geen vergelyking maak nie.

Terwyl ons dankbar is vir die aansienlike vermeerdering in alle opsigte in verband met ons sendingwerk, is ons nogtans begerig om meer arbeiders in die wyngaard van die Here te sien, sodat die koms van die Here verhaas kan word.

Naas die uitstorting van die Heilige Gees, is ons grootste behoefte aan bekwame, energieke, en toegewyde leiers in ons kerke. Manne en vroue vol van die entoesiasme wat gebore word uit 'n kragtige Christelike ervaring.



## Doopdiens te Wynberg

W. B. ABNEY

DIE eerste Sondagaand in Oktober het skrywer, ondersteun deur Broeders P. S. Jackson en Alf G. Kohlen en die getroue lede van die gemeente van Elsie's Rivier, 'n series vergaderinge in die klein tabernakel met sitplek vir 250, naby die stasie Elsie's Rivier begin. Die vergaderings het tot die end van die jaar aangehou en is aldeur goed bygewoon. Daarna is die geboutjie afgebreek en al die vergaderings is toe in die kerkie van Elsie's Rivier gehou.

Die Here was baie naby in antwoord op die ernstige gebede van Sy kinders en het die poging met siele geseën. Drie helpe ge-

sinne het saam met 'n paar anderes die boodskap aangeneem en 'n doopklas gevorm om verder onderrig te ontvang.

Tegelyk het ons 'n doopklas in Wynberg gehou, gedeeltelik gevorm uit mense wat belangstellend geword het deur die persoonlike pogings van die lede van die Bybelwerkers Opleidingklas wat verlede jaar na die poging in die gemeente van Wynberg gevorm is. Die Here het hierdie pogings met gevolge geseën. Party van die lede gee so veel as vier aande per week Bybelstudies.

Om drie uur in die middag van 18 Maart het skrywer ses-en-twintig mense in die Wynbergkerk gedoop. Tien van hulle was nuwe mense wat deur die poging van Elsie's Rivier ingekom het en by die gemeente daar aangesluit het. Verskeie anders in Elsie's Rivier sal later gedoop word. Een was reeds in die Apostoliese Gemeente gedoop en het 'n paar jaar gelede die derde engelboodskap aangeneem en was sedert lid van die gemeente van Elsie's Rivier. Die Gees van God het die hart van hierdie suster aangeraak deur die woorde van 'n dogtertjie van een van ons wer-

kers. Die dogtertjie het gevra: "Is jy gedoop?" en die suster het geantwoord: "Ja, ek is gedoop as 'n Apostoliese." Die dogtertjie sê toe: "Suster, jy is in dwaling gedoop, jy moet in die waarheid gedoop word." Hierdie suster sê dat hierdie woorde deur die dogtertjie haar vir baie jare gevolg het. Sy het gevra om saam met die ander kandidate gedoop te word, wat ons gedaan het. 'n Kind sal hulle lei, selfs in hierdie lewe. Dit maak elf van Elsie's Rivier. Daar was veertien van Wynberg, twaalf nuwes en twee afvalliges wat weer reggekome het. Een was van Kensington.

Mag die Here hierdie siele seën en getrou bewaar tot die end en deur hul persoonlike pogings baie anders tot Hom lei, is die ernstige gebed van die skrywer en sy mede-werkers.



## Buurtssending Departement

F. G. CLIFFORD

BROEDER POTTER en ek het nou net 'n besoek gebring aan die gemeentes te Bethlehem, Standerton, Ermelo, Pretoria, Brakpan, Boksburg Noord en Germiston.

In elke gemeente is daar groepe vir diens gevorm en planne gelê vir agressiewe sendingwerk. Ons kyk uit na meerdere sen-

dingbedrywigheid in die komende maande.

Dis duidelik dat ons algar behoefte het aan die lewendmakende krag van die Heilige Gees om ons geskik te maak en tot diens te roep. Ons voel dat as 'n gemeente 'n poging wil gaan hou en die lede sou saamstaan en probeer om hul vriende en bure met die waarheid te bereik, siele dan sou gehoor gee en die gemeente nuwe lewe en krag sou ontvang.

Net 'n woordjie oor ons traktaatveldtog. Die 100,000 traktate van "Ons Dag" Series sal nie lank hou nie. Moenie in gebreke bly nie om elke huis in die buurt waar jy bly, met hierdie goedkoop boodskappers van waarheid te besoek. As jou gemeente nog nie 'n voorraad bestel het nie, skryf dan aan die leier of sekretaris van die buurtsending en sorg dat jy sonder uitstel van hierdie traktate kry.

## Doodsberig

LABUSCHAGNE.—Oorlede in die Pretoria Hospitaal die more van Oktober 29, 1933, na 'n smartlike lyding, Judith Johanna Labuschagne, gebore Lourens, in die ouderdom van 63 jaar, 6 maande, 7 dae.

Sy en haar ou moeder het die boodskap aangeneem ongeveer drie-en-veertig jaar gelede onder die arbeid van Oorlede Pieter Wessels en Gert Scholtz. Vervolging het toe dadelik begin en sy was deur haar man in steek gelaat met haar babetjie van slegs 'n paar maande oud. Sy was getrou tot die einde toe.

Na die dood van haar dogter, Suster De Beer, het sy as moeder ingetree en was 'n ware moeder vir die klein kinders. Haar lewe was aan die werk van die Here toegewy. Die terneergedrukte het sy altyd opgebeur; die skuldige het sy ernstig vermaan. Sy is goed bekend in die Kaap en het vriende in die Vrystaat en Transvaal.

Ouderling W. S. Hyatt het die begrafnisrede in die Pretoriase kerk gehou, en by die graf het Ouderling Van Zyl en D. C. Theunissen op die hoop van 'n spoedige weersien gewys. D. A. DE BEER.

## Obituary

HEUBNER.—Joseph Gawl Heubner passed away peacefully, on March 20, at his late residence, 33, Angel Street, Kimberley, after a short illness borne with Christian fortitude.

Our brother, who was in his seventieth year, was a faithful follower of the truth which he accepted under the labours of Elder A. W. Staples, in 1932.

Brother Heubner leaves a wife, four sons, two daughters and ten grandchildren to mourn their loss. We extend our loving sympathy to these bereaved ones.

A short service was conducted in the home and his mortal remains were laid to rest in the West End Cemetery on the afternoon of March 21, there to await the Life-giver on the resurrection morn.

Words of comfort were spoken by Elders Clifford and Symons who officiated both in the home and at the graveside.

P. S. MARKS.

## The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR \_\_\_\_\_ Editor  
J. I. ROBISON \_\_\_\_\_ Assist. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright \_\_\_\_\_ President  
A. E. Nelson \_\_\_\_\_ Treas. and Auditor  
A. F. Tarr \_\_\_\_\_ Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge \_\_\_\_\_ Medical Secy.  
M. P. Robison \_\_\_\_\_ Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter \_\_\_\_\_ H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison \_\_\_\_\_ Religious Liberty Secy.

### Johannesburg Camp-meeting

J. I. ROBISON

At least eight hundred delegates and friends gathered in the Wanderers' Hall, in Johannesburg, on Sabbath evening, April 13, when Elder L. L. Moffitt welcomed the delegates and formally opened the conference session. It was good to be there and join in the hymns of praise with so many believers in the advent movement from all parts of South Africa.

The Sabbath was in a special way a blessed occasion. The hall was packed to the doors with what was probably the largest gathering of European Seventh-day Adventists ever held in South Africa. Elder Watson, the president of the General Conference, called the advent believers in the field to a deeper consecration in the finishing of the work of God in this part of the world-field. At the close of the first Sabbath service nearly the whole congregation rose to rededicate their lives to the Lord Jesus for purity of heart and willing service.

One blessed privilege that every camp-meeting affords is the opportunity for members of the Advent family, from all parts of South Africa, to greet one another and to renew old acquaintanceships. It was inspiring to see old friends greet each other so warmly and exchange Christian greetings. It was also a privilege to meet so many new members of the family of God who have joined the advent people during the last few years. This wonderful truth somehow binds our hearts together in a bond of unity that is especially felt when we come together in camp-meeting session.

The Sabbath school proved to be a real surprise, for the officers had set a goal of £40 as an offering to missions for the two Sabbaths. However, the enthusiastic Sabbath school members from all parts of the field responded so loyally that the goal was more than passed the first Sabbath. The total offering for both Sabbaths was just over £73.

One feature of the camp-meeting that was especially appreciated by all was the series of studies on the sanctuary question that Elder Watson gave every morning during the conference at the eleven o'clock hour. This great truth, he declared, was

the centre and pivot of the advent movement. Elder Watson clearly showed its Biblical foundation and its relationship to the other doctrines presented by Seventh-day Adventists.

The reports and resolutions will be presented in the next issue of the OUTLOOK. The active part taken in the discussion of the resolutions showed that there is a keen interest on the part of the constituency in all the activities and plans of the conference.

The two executive officers who have served the conference so efficiently during the last few years were not, under the tenure-of-office policy, eligible for re-election. However, inasmuch as both Elder N. C. Wilson and Elder J. F. Wright will be out of the field for a good portion of the coming months, and also because at the next Division Council to be held in 1935 it will be easier for transfers to be effected, the conference, after counsel with the union and Division Committees, voted to re-elect Elder Moffitt as president of the conference and Brother P. W. Willmore as secretary-treasurer, to serve until the next Division Council. The following were elected to serve, with the officers, as the executive committee of the conference during the next two years:

W. H. Hurlow, J. J. Birkenstock, W. L. Hyatt, A. C. Le Butt, J. H. Raubenheimer, Dr. B. V. Ingle, N. Jeffes, Q. H. Jubber, F. Snyman.

The finances of the conference indicate an improvement in tithes in South Africa after four years of depression. Surely now is the day of opportunity for us to proclaim the message to the thousands who are waiting for it in this great field. Those in attendance at the conference responded to the call of God by giving a special missions offering, on the last Sabbath, of £587-11-11. If there are others who could not attend the meeting but who would like to have a part in this consecration of their means to God, these may send their pledges to the conference office.

✻ ✻

### Baptism at Wynberg

W. B. ABNEY

ON the first Sunday night in October, the writer, assisted by Brethren P. S. Jackson and Alf. G. Kohen and the faithful members of the Elsie's River church, began a series of meetings in the little tabernacle, with a seating capacity of 250, located near Elsie's River station. The meetings continued until the close of the year and were well attended throughout. Then the little building was taken down and all meetings were transferred to the Elsie's River church.

The Lord came very near in answer to the earnest prayers of His people, and blessed the effort with souls. Three whole families accepted the message, together with a few others, all of whom were formed into a baptismal class and received additional instruction.

We were at the same time conducting a

baptismal class in Wynberg which was partially formed of people who became interested through the personal efforts of the members of the Bible Workers' Training Class formed in the Wynberg church last year following the effort. God blessed these efforts with results. Some of the members are out giving studies as often as four nights per week.

At 3:00 P.M., on March 19, in the Wynberg church, the writer baptised twenty-six persons. Ten of these came in through the Elsie's River effort and united with the church at that place. Several others in Elsie's River will be baptised later.

Another, having been baptised in the Apostolic church, accepted the third angel's message some years ago. Since then she has been a member of the Elsie's River church. The spirit of God stirred this sister's heart through the words of a little daughter of one of our workers. The little girl asked the sister: "Have you been baptised?" The sister answered, "Yes, I was baptised when I was an Apostolic." The little girl said, "Sister, you were baptised into error, you need to be baptised into truth." This sister said these words spoken by the little girl had continued to follow her for many years. She requested that we baptise her with the other candidates, which we did. "A little child shall lead them," even in this life. This made a total of eleven from Elsie's River. There were fourteen from Wynberg, twelve new ones and two backsliders who were reclaimed. One was from Kensington. May God bless and keep these souls faithful to the end and lead many others to Him through their personal efforts in the earnest prayer of the writer and his associate workers.

✻ ✻

### Cape Coloured Field

L. S. BILLES

The camp-meeting of the Cape Coloured Field will begin on Friday evening at 7.15 P.M. on June 9, continuing until Sunday night June 11, and will be held at the Good Hope Training School, Klipfontein Road, Athlone, Cape. We are happy to announce that at this, our first general meeting in the Cape Coloured Field, we shall have Elder C. H. Watson, the General Conference president, with us. We are looking forward to a well-attended and inspiring series of meetings.

✻ ✻

### News Note

We are pleased to welcome Elder Anderson back to Africa. Elder Anderson arrived on the S. S. Tanganyika, on April 10, and after a brief stay at the Cape proceeded to the Johannesburg camp-meeting.

It is planned for Elder Anderson to proceed to the Congo Union during the coming camp-meeting season after which he will return to the Cape where he will be joined by Sister Anderson whose health prevented her from returning to South Africa with Elder Anderson.